Kaapstad, 25 April 1964 Deel 38 No. 14 Volume 38 Cape Town, 25 April 1964

VAN DIE REDAKSIE : EDITORIAL

# DIE RYK VAN ESKLEPIOS

In sy lesings oor die geskiedenis van die fisiologie het Sir Michael Foster onder meer gesê: ‚Dit is ongetwyfeld een van die lesse van die geskiedenis van die wetenskap dat elke eeu rus op die skouers van die eeue wat hom voorafgegaan het. Die waarde van elke eeu lê dus nie net in homself nie, maar tot 'n groot mate ook in sy voorgangers.' En in meer algemeen-menslike terme het Emerson gesê dat die mens slegs verstaanbaar en verklaarbaar is in terme van sy hele geskiedenis.

Soos dit dus met die geskiedenis van die mensdom in die algemeen die geval is, so is dit ook die geval met die geskiedenis van die medisyne—dat die hede en die toekoms slegs na waarde geskat kan word as ons ons waarnemings en interpretasies toets aan die perspektief van die verlede.

Gedurende die afgelope tyd het daar 'n hele aantal pragwerke verskyn wat dit vir ons moontlik maak om, selfs te midde van die rustelose gedrang van die alledaagse lewe, die voetstappe van ons voorgangers te volg. En dit is 'n paar van hierdie werke wat ons hier kortliks wil bespreek.

'n Boek waarna ons alreeds by 'n vorige geleentheid verwys het en wat op die rak van elke ‚denkende' dokter behoort te staan, is *The Epic of Medicine*.[1] Bloot as tipografiese produk gesien, is die boek 'n pragstuk, maar wat sy inhoud en strekking betref is dit onteenseglik 'n kosbare juweel. Eintlik is dit 'n lewende geskiedenis van die groot tydvakke van die verlede en van die leiers en voorgangers van die mediese professie deur die eeue—gesien teen die agtergrond van die ontwikkelende kunste en wetenskappe en van die beskawing in die algemeen.

In die opstel van die boek word al die hulpmiddels wat die moderne grafiese kunste bied, aangewend. Deur gebruik te maak van ou ikonografiese beeldbeskrywings, moderne fotografie, en die rekonstruksie deur middel van skilderstukke van tonele en taferele uit die geskiedenis, word idees en mense en plekke en gebeurtenisse tot lewende werklikheid herskep.

*The Epic of Medicine* beskryf die eerste ontwaking van mediese ‚bewussyn' in die magies-georienteerde sjamane van die primitiewe wêreld; die stryd tussen priester-geneeshere en die demone van siekte in Mesopotamië en Egipte; die gedagtevlugte van die filosoof-geneeshere tussen die harmoniese, geometriese suile en wit marmer in die ou Griekeland; die mediese praktyk van die slawe-geneeshere in die burokratiese, militaristiese, keiserlike Rome; die monumentale samestelling van mediese werke deur geneeshere agter die mure van Bisantium; die prestasies in alchemie en die higiëne van die Arabiese hakims in die Bagdad-tot-Cordova Ryk wat geskep is deur die kromswaarde van Islam; die geboorte in die sogenaamde ‚donker' eeue van die eerste hospitale en universiteite, asook van Gotiese katedrale en Dante se *Divina Commedia*—wat hierdie tydvak uit een van duisterheid tot luisterryke glorie omskep het; die studie van die menslike liggaam deur die kunstenaar-geneeshere van die Renaissance; die ontdekking van die sirkulasie van die bloed en die begin van wetenskaplike navorsing gedurende die Barok-tyd—'n tydperk wat gekenmerk was deur beweging en emosie in die kuns; die ontstaan van die vorige eeu se naturalistiese en positiewe medisyne; en die oorgang van die kwalitatiewe tot die kwantitatiewe benadering in die medisyne, wat gelei het tot die nuwe psigiatrie, antibiotiese medisyne, ruimte-medisyne en wat besig is om te lei tot biochemiese, fisiese, en miskien weer eens filosofiese medisyne.

'n Ander, ewe belangrike publikasie wat onlangs verskyn het, is *The World of Asklepios*.[2] Hierdie boek is ook 'n geskiedenis van die medisyne van die vroegste tye af tot vandag toe, maar dit berus meer op die illustrasie van voorwerpe wat deur die eeue in die beoefening van die mediese praktyk gebruik is, as op die geskrewe woord. Deur die kunstige aanwending van illustrasies van beelde en taferele en instrumente en werktuie uit die verlede, word 'n onmiddellikheid van intellektuele erkenning en van emosionele reaksie bewerkstellig wat nie maklik op 'n ander manier bereik kon word nie.

Die pragtige afbeeldings in dié boek is almal ontleen aan die Museum vir Mediese Geskiedenis in Zurich. Trouens, die boek omskep eintlik dié museum in 'n vervoerbare vorm, sodat die inhoud daarvan aan almal wat daarin belang stel, beskikbaar gestel word. En, omdat goedtoegeruste museums vir mediese geskiedenis uit die aard van die saak skaars is, lewer die uitgewers van dié pragtige boek 'n besondere diens aan die mediese professie.

In hierdie verband is dit goed om te weet dat ons ook alreeds in Suid-Afrika 'n begin gemaak het met die opbou van die medies-historiese voorwerpe en werke. In Kaapland bestaan die Mediese Geskiedenisklub van die Universiteit van Kaapstad alreeds 'n paar jaar lank. Die doel van hierdie klub, wat as gevolg van die entoesiasme van dr. Hymie Gordon gestig is, is om gereelde lesings en besprekings oor onderwerpe van mediese geskiedenis en verwante sake te reël en om werke van historiese aard te versamel. In Johannesburg is daar die Museum vir Mediese Geskiedenis wat onder die leiding van dr. Cyril Adler tot stand gekom het. En aan sommige van ons ander universiteite, soos byvoorbeeld aan die Universiteit van Stellenbosch, is daar senior dosente soos dr. J. G. Steytler en prof. H. D. Brede wat gereeld bydraes van 'n medies-historiese aard publiseer.

Hierdie bespreking gee ons nou weer die geleentheid om 'n beroep op al ons lede te doen, om, as hulle kennis dra van enigiets wat kan bydra tot die uitbouing van 'n egte Suid-Afrikaanse medies-historiese eenheid, met een van die bogenoemde persone of organisasies in verbinding te tree. In hierdie land met sy asemrowende heterogeniteit

van tale en rasse en gebruike en beskawingsvlakke, het ons 'n unieke geleentheid om 'n waardevolle en waardige bydrae te maak tot die studie van hoe die mens deur die eeue probeer het om sy eie geestelike en liggaamlike aard te verstaan en om 'n oplossing te soek vir die nimmer-eindigende bedreiginge van die brose en maklik verwondbare natuur van die mens.

1. Marti-Ibanez, F., red. (1962): *The Epic of Medicine*. New York: Clarkson N. Potter, Inc.
2. Ackerknecht, E. H. (1963): *The World of Asklepios*. Stuttgart: Hans Huber.

## THE WRONG INVESTIGATION?

The traditional approach to investigating urinary-tract disorders in childhood has remained unchanged for several decades, namely, laboratory examination of a catheter specimen of urine, intravenous pyelography, and finally endoscopy. The doctor is usually unwilling to submit the child to instrumental examination at first sight, so that the integrity of the urinary tract devolves upon whether or not the intravenous pyelogram is abnormal. Research in recent years has focused attention upon the lower urinary tract, particularly the urethra, and exposed the fallacy of depending on the intravenous pyelogram alone. Micturition cysto-urethrography is in many respects a more rewarding examination in children, and it rivals endoscopy in accuracy of diagnosing urethral lesions.

In a recent survey[1] 500 children suffering from a variety of common genito-urinary complaints (e.g. infection, enuresis, 'failure to thrive', pyrexia of unknown origin) were examined at about the same time by 3 different methods—intravenous pyelography, micturition cysto-urethrography and endoscopy. The results showed that although some defects were seen only on instrumental examination, a fairly close parallel existed between the cysto-urethrographic and the surgical findings. However, only about 10% of the patients with proved urethral lesions, e.g. meatal stenosis or bladder-neck contracture, had abnormal intravenous pyelograms. The pyelogram 'gives evidence only of the effects of obstruction, and not as to its nature'.[2]

In this survey an interesting parallel was found to exist between the presence of renal abnormalities (as shown on the intravenous pyelogram) and vesico-ureteral reflux: of the 32 children with pyelographic evidence of ascending infection, 25 (78%) possessed reflux. This figure accords with the findings of Hodson and Edwards[3] who investigated a similar problem in a group of patients with pyelonephritis and found that three-quarters of them had reflux. A tempting thought, yet unproved, is that renal damage can occur only in the presence of refluxing urine.[4] And it is now believed that vesico-ureteral reflux can probably be shown for certain only by micturition cysto-urethrography.[5]

Some re-thinking is therefore necessary by those who order investigative procedures upon children with genito-urinary complaints. In the majority of these patients micturition cysto-urethrography is the radiological procedure most likely to provide the diagnosis, while intravenous pyelography will record only the most advanced (and irreversible) renal changes.

1. Burrows, E. H. and Allen, R. P. (1964): Brit. J. Radiol., 37, 182.
2. Williams, D. I. (1954): *Ibid.*, 27, 473.
3. Hodson, C. J. and Edwards, D. (1960): Clin. Radiol., 11, 219.
4. International symposium held at the Henry Ford Hospital, Detroit (1962): *Biology of Pyelonephritis*. Boston: Little Brown & Co.
5. Turner-Warwick, K. T. (1962): Proc. Roy. Soc. Med., 55, 419.